CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

# Waterbesparingswenke:

Hoe meer jy bespaar, hoe minder betaal jy – en hoe meer water bly in ons damme.
**DEEL HIERDIE** met ander, en gaan na **www.capetown.gov.za/thinkwater** vir nog inligting en riglyne.

## Toilette spoel en sanitasie

**Spoel die toilet net as dit noodsaaklik is.** Nommer 1 kan wag by die huis, werk, skool, gimnasium, winkels, ens. Moenie dit as 'n vullisdrommetjie gebruik nie.

**Plaas 'n vol glasbottel in die toiletbak** om elke spoel tot 'n maksimum van 6 liter te beperk (indien jy geen ander keuse het as om munisipale drinkwater te gebruik nie).

**Spoel slegs met gryswater** (wasgoed-, bad- en stortwater) of met reën-, boorgat- of putwater.

**Gebruik minder toiletpapier** om die risiko van 'n verstopte riool te verklein en moenie jou toilet as 'n vullisblik gebruik nie.

**Draai die toilet se stopkraan (afsluitklep) toe.** So sal jy munisipale drinkwater bespaar.

**Gebruik bleikmiddel of ontsmettingsmiddel om die toilette** en rondom die toilette te ontsmet en gebruik handreiniger om gesondheidsrisiko's te voorkom.

**Let wel:** Die gebruik van water van alternatiewe bronne hou sekere gesondheids- en higiënerisiko's in wat jy moet vermy. Hou hande en oppervlakke ontsmet. Moenie gryswater langer as 24 uur hou nie. Hou waterhouers op 'n veilige plek want kinders kan daarin verdrink.

## Reiniging en persoonlike higiëne

**Storte vinnig – draai oop en draai toe.** Maak jou nat, draai die kraan toe, was, en spoel dan vinnig af.

**Moenie krane te lank en vol oopdraai nie.** Gebruik 'n koppie vir skeer, tande borsel, ens.

Geen stort nie? **Neem 'n sponsbad.** Gebruik so min as moontlik water in 'n wasbak, skottel of waskom.

**Gebruik waterlose handreiniger** in plaas daarvan om jou hande te was.

**Moenie die water laat loop terwyl jy vir warm water wag nie.** Gebruik die koue water of verhit jou water op die stoof of in 'n ketel vir 'n sponsbad.

**Vang soveel as moontlik wasgoedwater op en gebruik dit om toilette mee te spoel** – maak dit 'n prioriteit! Oortollige gryswater kan vir plante of die was van voertuie gebruik word.

## Wasgoed en skottelgoed

**Was slegs wat absoluut noodsaaklik is.**

**Wag** tot die wasmasjien of skottelgoedwasser vol is voor jy dit gebruik. Met sommige tipes wasmasjiene kan jy die laaste spoelwater vir die volgende wasgoedsiklus gebruik.

**Om wasgoed met die hand te was,** gebruik minder water as sommige wasmasjiene, veral die ouer modelle wat geen ekonomiese siklusse het nie. Gaan jou masjien se watergebruik na.

**Gebruik die minimum seep** om spoelwater te bespaar. **Hergebruik spoelwater** vir die volgende was waar moontlik.

**Maak dit 'n prioriteit om** wasgoedwater vir die spoel van toilette te gebruik.

## Waterdoeltreffende toebehore en aansluitings

**Gebruik vloeibeperkers** in binnenshuise krane om die vloeitempo na minder as 6 ℓ per minuut te verminder, soos volgens die Stad se waterverordening.

**Installeer laedruk-stortkoppe of sit 'n vloeibeperker** in die stortkop om die vloeitempo na 'n maksimum van 7 ℓ per minuut te verminder, soos volgens die Stad se waterverordening.

**Vind en herstel lekkasies** op jou eiendom. Lekkasies is so 'n vermorsing van ons kosbare water.

**Verlaag die waterdruk na jou eiendom** deur jou stopkraan laer te draai en/of installeer 'n vloeibeperker op die hoofpypaansluiting vanaf jou meter.

## Tuine en buitegebiede

Gebruik 'n **besem** en **reënwater wat opgevang is** om harde oppervlakke buite mee skoon te maak.

**Strooi 'n deklaag ("mulch") tussen jou plante** om verdamping te verminder - gebruik gesnyde gras, blare, stukke boombas of strooi.

Verander jou geute en afvoerpype sodat jy **reënwater in houers kan opvang.**

## Swembaddens

**Sit 'n swembadbedekking op** wat verdamping aansienlik verminder. **Herbenut die terugspoelwater.**

**Vang reënwater op** en herlei dit om jou swembad te hervul deur pype of plastiekbuise ("plastic sleeves") aan jou geute te koppel.

Geen munisipale drinkwater vir swembaddens, dammetjies of waterfonteine nie.

## Nog maniere waarop jy kan bespaar

**Gebruik heelwat minder water waar jy ook al gaan** – die munisipale drinkwater wat jy op ander plekke gebruik, kom uit dieselfde damstelsel, so wees verstandig wanneer jy water in en rondom Kaapstad gebruik.

Gebruik **so min as moontlik water vir kosvoorbereiding**, d.w.s. moenie kos onder lopende water ontvries of afspoel nie.

Plaas **'n houer in elke opwasbak, wasbak, bad en stort om alle water vir hergebruik op te vang.**
**Let wel:** Vuil, vetterige water van skottelgoed was is nie vir hergebruik geskik nie. Houers in storte moet groot genoeg wees om alle stortwater op te kan vang – 'n emmer is te klein. Water is swaar, so gebruik skepbekers om jou toilet met gryswater te spoel.

**Vang so veel reënwater op** as wat jy kan. Stoor dit in verseëlde houers in 'n koel plek en moenie dit vir drink-, kook- of baddoeleindes gebruik nie, soos volgens die Stad se waterverordening.

## Wat kort jy vir jou waterspaararsenaal?

- Waskomme vir gebruik in storte en baddens om soveel as moontlik water op te vang.
- Emmers of skepbekers om water uit waskomme in toilette of buite uit te gooi.
- Houers om water in alle wasbakke en opwasbakke vir hergebruik op te vang.
- Bleikmiddel of ontsmettingsmiddel om die toiletgebied ontsmet te hou.
- Pype of plastiekbuise vir jou geute om reënwater op te vang vir die hervul van swembaddens of watertenks.
- Steriliserende vloeistof spesiaal vir voedsel vir die afwas van vrugte en groente.
- Eenlaag-toiletpapier om rioolverstoppings te voorkom.
- Waterlose handreiniger.

**Om gebarste pype, stukkende meters en watervermorsing aan te meld:**

**WhatsApp** 060 018 1505 • **Bel** 0860 103 089 • **SMS** 31373 (maksimum 160 karakters)
**E-pos** water@capetown.gov.za • **Besoek** www.capetown.gov.za/servicerequests